

10 Mei

Habakuk 1

Die Here bly in volle beheer - al is sy optrede soms onbegryplik

Dit is nie altyd ewe maklik om in die Here te bly glo nie. Wanneer dit met jou sleg gaan, word dit al moeiliker. Want die Here tree soms verrassend anders op as wat 'n mens van Hom verwag.

Die profeet Habakuk het geworstel met die probleem van onreg en geweld by die Here se volk. Sy groot worsteling was aanvanklik dat die Here niks daaraan doen nie (1:2-3). Wanneer die Here egter wel iets doen, dan worstel Habakuk nog meer. Die Here gaan die wrede en woeste Galdeërs stuur om teen sy verbondsvolk op te tree (1:6).

In sy worsteling is die vlam van Habakuk se geloof nie geblus nie. Al kan hy die Here se optrede nie verstaan nie, al verwyf en kla hy, hy bly steeds in Hom glo! Hy bely: Die Heilige God is van altyd af daar en in volle beheer. Hy het die Galdeërs aangestel En gestuur (1:12).

Al laat sy optrede jou soms ineenkrimp, bly Hy in volle beheer in die wêreld en ook in jou lewe. Want jy as gelowige is sy kind. Hy het duur vir jou betaal. Jy is vir Hom kosbaar. Geen haar van jou kop sal sonder sy wil val nie. Daarom kan jy saam met Dawid sê: "Laat my liever in die hand van die Here val, want sy genade is groot. Ek wil nie in die hand van 'n mens val nie" (2 Sam 24:14).

Sing: Psalm 48:1, 4

Ds. C. Krüger (Nelspruit)